

**Skrifgedeelte: Psalm 145 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 145:1-3**

**Ek, ons en almal prys u Naam**

Hierdie Psalm begin by “Ek wil u Naam prys” (vs 1). Dit brei verder uit na “U troue volgelinge prys U” (vs 10). En dan wyd: “Alle mense moet sy heilige Naam prys vir altyd en altyd” (vs 21).

In sy Naam lê sy wese, sy daede, sy wil – die alles van God opgesluit. In vers 3 word beklemtoon dat die Here groot is. Hy is Koning. Hy wys dat Hy in sy grootheid bo alles uittroon.

Tussen hierdie drie maal U (Naam) prys, lê die Gees vir ons God se grootheid oop. Wat ons mag raaksien in sy daede (vs 4-7). Wat maak sy daede so groot? Sy koning-wees wys Hy anders as wat ons gewoonlik van konings sien. Hy wys dit in genade, barmhartigheid, geduld en troue liefde (vs 8). Tegelyk is Hy baie regverdig (vs 17).

Hoekom sal dit vir Dawid en vir my en jou belangrik wees? Ons wil grootheid baie keer sien in mag en krag. Ons wil dit sien in glans en glorie. Maar nòg Dawid, nòg ek en jy kom werklik daarby uit. Beslis nie naby aan God nie.

Hoe sal ons kan lewe in sy grootheid? Slegs deur sy genade, sy hart vir ons. Dat Hy sy geduld met ons baie ver rek. Sy liefde vir ons is betroubaar, want Hy is tegelyk konsekwent regverdig.

Vestaan ons dit? Nee (vs 3). Maar aanvaar met verwondering dat sy hand onder ons is as ons val. Val ons nie baie keer nie? Aanvaar dat Hy ons in ons moedeloosheid en swakheid weer optel. Dat Hy vir ons elke dag sorg omdat Hy weet dat ons daarvan afhanklik is (vs 14-16).

Gee Hom erkenning. Groot is die Here!

*Sing: Psalm 8-1:1-4*

*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*